# Die Ballie Wahl-merieteprys

## 10de toekenning

Die gesogte Ballie Wahl-merieteprys is in 2022 vir die 10de keer aan die beste student in die Sitrusverbouingskursus toegeken. Deur Prof. Paul Cronjé (Citrus Research international)




1



2

WAHL FAMILIE



3

SEBASTIAN TORRES



4

HANS LE GRANGE

Suzaan Jordaan was die 10de ontvanger van die Ballie Wahl-merieteprys vir die beste prestasie in die derdejaar-sitrusverbouingskursus (Citriculture) wat deur die Universiteit Stellenbosch (US) Departement Hortologie, aangebied word.

In dié kursus word aandag gegee aan aspekte soos kultivarseleksie, invloed van klimaat op produksie, vestiging en bestuur van ŉ sitrusboord. Verder word die onderliggende fisiologie wat vrugkwaliteit kan beïnvloed, boommanipulasie en die gebruik van plantgroeireguleerders om vrugte van optimum interne en eksterne kwaliteit te produseer, ook bestudeer.

Ballie Wahl is in SA asook wêreldwyd een van die bekendste name in die sitruswêreld. Sy tegniese kennis en vermoë om al die komplekse aspekte met betrekking tot produksie van sitrusvrugte te integreer, word nasionaal en internasionaal hoog aangeslaan. Ballie is ŉ alumnus van US en het sy BSc (Agric)-graad in 1966 verwerf. Daarna het hy as deel van die Sitrusbeurs se tegniese span by die sitrusbedryf betrokke geraak. Ballie het ŉ essensiële rol gespeel om die sagte-sitrusbedryf in SA te vestig, wat sedertdien tot 'n uiters wins-gewende been in ons sitrusbedryf ontwikkel het. Hy het verskeie posisies in Outspan en Capespan beklee vóór hy in 2006 "amptelik" afgetree het. Die goue draad regdeur Ballie se loopbaan is die onbaatsugtige manier waarop hy sy kennis gedeel het, asook die moeite wat hy nog steeds doen om nuwe toetreders tot die tegniese gemeenskap van die Suider-Afrikaanse sitrusbedryf met raad en daad by te staan.

Die "Citrus Technical Association" (CTA), is ŉ vrywillige vereniging van tegniese kundiges wat sedert 1984 bestaan, en poog om met die borg en toekenning van hierdie merieteprys erkenning aan uitmuntendheid in die sitrusbedryf te verleen, asook om verdere studies in sitrus aan te moedig. Verskeie van die vorige wenners van die merieteprys het tot die sitrusbedryf toegetree.

**Vorige wenners van die Ballie Wahl-merieteprys vir sitrusverbouing aan die Departement Hortologie, US.**

| | |
|---|---|
| 2013 | Helen Marais |
| 2014 | Du Toit Prins |
| 2015 | CP van der Merwe |
| 2016 | Niël Krogscheepers |
| 2017 | Carel van Zyl |
| 2018 | Heinrich Geldenhuys |
| 2019 | Ineke de Jong |
| 2020 | Anika Keuck |
| 2021 | Cara van der Westhuyzen |
| 2022 | Suzaan Jordaan |

1. Steve Turner, links (sitrus tegniese bestuurder, Core Fruit) en Paul Cronjé (CRI-US) wens Suzaan Jordaan geluk met beste prestasie in die derdejaar-sitrusverbouingskursus by die US Departement Hortologie namens die CTA 2. Ballie as ŉ finalejaar US landbou-student (regs). 3. Ballie (links) en José Luis Foguet van Tucuman Argentine tydens ŉ tegniese besoek 4. Ballie Wahl se kennis oor alle aspekte van sitrusverbouing word wêreldwyd hoog aangeslaan. Hier is hy op besoek aan die Chinese sitrusbedryf.

